# 21 September 2023 - Lesing 132 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Dag van kruisiging

**No: 7577** Deur My lyding en sterwe aan die kruis het julle verlossing van sonde en dood gevind. **Ek het as Mens** vir julle die offer aangebied, Ek het My lewe onder ontsettende pyne gegee om julle sondeskuld te delg, om weer vir julle die ligryk te open wat vir julle gesluit was deur julle sondeval. **En hierdie offer het die Liefde in My gebring, want alleen Sy was in staat om so 'n werk van barmhartigheid te volbring**, omdat die Liefde die Krag is, omdat die Liefde God Self van Ewigheid is.

Wat die mens JaHshua gely het, sal julle mense nooit kan besef nie, want **ofskoon Ek Self in Hom was**, het die menslike liggaam die lyding en die smarte nie gespaar gebly nie, omdat Hy die groot skuld wou wegneem terwille van die Geregtigheid.

Die sonde van die vroeëre afval van My was so onmeetlik groot, dat die wesens self dit nie sou kon totnietmaak nie, al sou daar ewighede verbygaan. Want die wesens was vol van lig toe hulle teen My in opstand gekom het.

En die mens JaHshua was deur Sy oorgrote Liefde op hoogte van hierdie skuld, Hy het geweet dat hierdie sonde 'n onmeetlike boete sou vereis, **sodat daar aan die Geregtigheid genoegdoening gegee kon word**. En Hy het Homself vir My as offer aangebied en Ek het die offer aangeneem, **omdat die Liefde dit gebring het**, oftewel:

**Ek Self het dit volbring**, Wie die ewige Liefde is. **Ek het My intrek in die mens JaHshua geneem, Ek het Hom vervul met My Gees, met My Liefde wat die Krag is en daardeur het die mens JaHshua ook die Krag opgewek vir die werk van Verlossing,** wat met onmeetlike lyding en kwellinge verbonde was, ter beantwoording van die groot skuld.

Want Hy wou hierdie sondeskuld delg, Hy wou boete doen terwille van die Geregtigheid. Hy het ook geweet in welke nood die mensdom hulle bevind het, indien hulle geen hulp gebring sou word nie **en Sy Siel het Haarself vir My as offer aangebied.** Sy Siel het by My gebly toe Sy broeders in die diepte gestort het en Sy Siel het Haarself aangebied om hulle te red, omdat Sy self nie meer kon omhoog opstyg nie en **omdat die weg wat teruglei na die vaderhuis versper was, solank hul groot sondeskuld nie gedelg was nie.**

Die Siel van JaHshua het dit alles geweet. Ek het My Seun na die aarde gestuur. Ek het Sy aanbod aangeneem om My genoegdoening te wil gee vir Sy gevalle broeders. En Hy was op hoogte van die mate van lyding wat Hom te wagte was. **Maar Sy Liefde het Hom aangedryf, Sy Liefde het My en Sy gevalle broeders gegeld, wie Hy weer na My wou terugbring**.

Hy het afgedaal na die aarde en die weg as mens gegaan, **Hy het My volkome in Homself opgeneem**, die Liefde wat Hom steeds meer vervul het - Ekself het Hom nou beweeg tot alles wat Hy gedoen het, want hierdie Liefde was alleen bedoel vir die geknegte mensdom, wat Hy wou verlos uit die boeie van My teenstander.

En so het Hy die weg van die kruis gegaan, **die weg van lyding en die Liefde**. Totdat die tyd aangebreek het dat Hy Sy lewe sou offer vir Sy medemens, totdat die dag aangebreek het waarop Hy onder ontsettende smarte en kwellinge die dood aan die kruis sou ondergaan, waarop Hy Hom Self opgeoffer het aan die kruis om die groot sondeskuld teniet te doen wat op die mensdom gedruk het.

**Hy het onuitspreeklik gely, onnoemlike pyn het Sy teenstanders Hom toegebring,** wat hulle as afgesante van My teenstander op Hom uitgeoefen het. Dit was smarte wat geen mens sou kon verdra, as die krag van die Liefde Hom nie sou vervul het nie, as die Liefde Self Hom nie sou vervul het en Hom die krag gegee het om vol te hou tot Sy dood nie.

En hierdie Liefdesdaad het die mensdom van die ewige dood verlos. **Aan God se Geregtigheid was voldoening gegee,** My Liefde het die genoegdoening verrig en **die mense wat die verlossingswerk van JaHshua erken en daarin wil deel, was nou vry van hulle skuld.**

Ek Self het My oor die mense ontferm, **Ek Self het in die mens JaHshua die verlossingswerk volbring**, Ek het vir My 'n menslike vorm uitgekies wie bomenslike leed op Homself geneem het, sodat My werk van erbarming aan die mensdom duidelik sou word, sodat sy die grootte van haar skuld sou insien en nou vanself haar skuld **na Hom toe sou dra, Wie vir haar aan die kruis gesterf het**.

En omdat Ek Self dus in hierdie mens JaHshua was, kom die mense nou met hulle skuld na My en vra My om vergewing. Hulle erken My, soos wat hulle eens geweier het om My te erken en hulle sien daardeur hul skuld in en hulle bely dit ook. En Ek neem almal aan **wat sy skuld tot onder die kruis dra** en vir elkeen is die weg na My nou ook vry, vir elkeen is die weg vry na die Vaderhuis, **want JaHshua Messias het die poorte geopen wat deur die sondeval gesluit was**. Amein.